**Module 4**



# Christen Gnostisisme

## Is daar so `n beskrywing?

## Indien wel, wat word hiermee bedoel?

Hierdie artikel vorm deel van die Volgelinge van Jesus (1957) se

Christen-Joodse Bybelstudieprogram

**Inleiding**

“Christen” Gnostisisme is `n uitdrukkkingswyse soortgelyk aan hedendaagse “New Age” en wat dan `n fase of era in die Christelike geskiedenis weerspieël. “New Age” word veral as gekontamineerde geloof, oftewel gekontamineerde, geassimilieerde belydenis/geloofsbeoefening beskou. Dit kan veral as `n moderne wyse van vermengde geloofsbeoefening beskou word. “New Age” is dan ook wesentlik `n geloofsidee wat in resente tye manifesteer en wat op hierdie beginsel sy eie tipe bestaansreg uitoefen. “New Age” het natuurlik ook raakpunte met hedendaagse Christelike geloofsbeoefening maar dit is ongetwyfeld `n afvallige manifestasie wat geensins as “apostolies” of “Christelik” beskou kan word nie en natuurlik vanweë sy besondere en kenmerkende afwykings daarvan en wat ons dan wel kan beskou as pseudo-spiritualiteit, veral weens sy tiperende eienskaplike afvallige, akkommoderende samestelling. Dit bevat dan wel `n

skynwaarheid maar wat duidelik, dit is in sy geheel, misleidend is.

"New Age" in sy moderne beskrywing en beskouing fokus veral op blatante Oosterse invloed en praktyk, dit is in verhouding tot die hoofstroom Christelike belydenisse, terwyl "Christen" Gnostisisme" op dieselfde beginsels funksioneer maar met sy eie tipe karakter en inkleding. Die vroegste aanslag teen die eerste eeuse apostoliese belydenisse behoort dan altyd gesien te word teen die agtergrond van `n gnostieke aanslag en wat dan inderdaad daarmee vermeng het op subtiele maar tog ook blatante wyse. Dit is hierdie proses van assimilasie en sinkretisme wat dan objektief teenoor die vroegste Christelike geloofsbeoefening (die oorgelewerde, eerste eeuse apostoliese Waarheid) opgeweeg behoort te word teneinde "Waarheid" en "Leuen" effektief te kan onderskei. Die "Christen Gnostisisme" kan dan in die ware sin van die woord beskryf word as die post-apostoliese era van "New Age" manifestasie.

**Geloofsvermenging baan die pad vir afvallige godsdiens**

Dit is inderdaad so dat Gnostisisme sedert sy vroegste "oorsprong" fases van vereenselwiging met antieke gelowe deurloop het en dat dit veral `n sterk assosiasie het op een of ander wyse met veral die Judaïsme en om hierdie rede word Cerinthus dan ook as die vader van hierdie beweging beskou.[1] Die Persiese en die Egiptiese, ook die Iranese invloede op hierdie geloofsfilosofie kan natuurlik nooit negeer word nie en omrede die Gnostisisme maklik kon assimileer kon die Christendom (die volle konglomeraat van sektes en hulle onderskeidende perspektiewe) nie hierdie tipe aanslag en impak suksesvol afweer nie.[2]

Hierdie tipe Gnostiese aanslag vergelyk derhalwe goed met hedendaagse "New Age" weens sy samestelling en aard, dit is sy heidense komponent aan die een kant (die paganisme) teenoor sy ander sy, die Joods-Christelike oftewel afvallige Joodse geloofsbeoefening en wat dan beslis op gekontamineerde Christendom (afvallige Christelike belydenisse) dui. Die terminologie, "Christen" Gnostisisme, moet dan in hierdie lig beskou word.

**Raakpunte met aanvaarde Christelike belydenisse:**

Alhoewel "Christelik" in die algemeen steeds as suiwer geloof uitgebeeld word, is dit inderdaad nie altyd die geval nie omrede residue vanuit die Gnostisisme ongetwyfeld opgeneem is in die mondering van post-apostoliese Christendom en waarby dan ook vervleg was die breë, algemene basis van gnostiek georiënteerde Christene/gelowiges. Belydenisse wat dan nie deur die apostels van Jesus Christus gehandhaaf was nie het gevolglik op post-apostoliese belydenisse deurgewerk, dit is ná hulle verdwyning, `n tendens of era wat veral beskou behoort te word as kenmerkend aan `n afvallige, eksterne aanslag teen eerste eeuse apostoliese Christendom omrede die apostels van Jesus en hulle kerngemeentes wat met ander woorde getrou aan hulle boodskap gebly het, geen deel daaraan gehad het nie. Ook nie aan die opkoms van die afvallige post-apostoliese kerk nie.

---

1 Dit kom dan ook voor dat die ontstaan van die Gnostisisme net soos die Essenisme nie eintlik wesentlik gedateer kan word nie (C.E.) en juis vanweë aanspraak wat gemaak word op die vroeër, antieke bestaan van die esoteriese gelowe en wel uit hoofde van vereenselwiging met die vrugbaarheidskultusse en veral met die Baälaanbidding wat sedert die vroegste tye met die Judaïsme gekonflikteer het in gedagte. Heidense aanbidding was dan `n enorme bedreiging vir die antieke Israelse teokrasie, `n invloed wat dikwels nie in sy volle maat en impak raakgesien word nie.

2 Verwys Ester Blomerus se boekreeks aangebied op hierdie webwerf (www.housealtarnetwork.com), Die Christelike Geloof, Sy Grondslag en Ontplooiing), gelys onder Christian Jewish Studies. Gumbel gee ook in sy boek (v. Bibliografie tot die genoemde boekreeks, Boek 9) `n goeie beskrywing van "New Age" alhoewel hy sterk op Oosterse invloede fokus en myns insiens nie die impak daarvan op die Christelike geloof in besonder/voldoende uitlig nie.

Residue van die Gnostisisme was dan subtiel nadergetrek en om dit "apostolies" te kon hou, was dit blatant as sodanig verkondig. Hierdie basis van gekontamineerde Christendom gaan dan inderdaad terug na die vroegste post-apostoliese era, en dit was derhalwe `n era wat geensins geloofskontaminasie vrygespring het nie en veral met die propageerders van afvalligheid in gedagte en wie hulle dan inderdaad, uit hoofde van hulle tipe verkondiging van afvallige idees, van die apostoliese leringe afgeskei het en die dissipels van Christus sodoende agter hulle aangetrek het (Hand. 20.17+).

Hierdie tipe kontaminasie kan wel as "Christen" Gnostisisme beskou word en wat dan wel `n nuwe vorm van aangepaste/verwerkte Christelike belydenisse sou behels en wat dan inderdaad in verwerkte vorm voortgeplant sou word, ook wesentlik ten uiting gekom het in `n nuwe baadjie, genaamd "post-apostoliese" Christendom. Hierdie tipe ineenvloei van afvallige belydenisse, vermeng met apostoliese waarheid, weerspieël tereg dan die tiperende geloofskontaminasie wat kenmerkend is aan hedendaagse "New Age" .

Die afval en afvalligheid waarteen die apostels van Jesus in hulle briewe gewaarsku het, naamlik die invoer van fabels en leuens, het dan inderdaad toe gemanifesteer as "gekontamineerde Christendom" en wat dan wel op vermenging van "Christelik" en "Gnostiek" dui. Ons behoort dan die bril van emosionele beoordeling van sake af te skud as ons enigsins tot die wese en aard van afvallige impak op die vroegste belydenisse sou wou deurdring.

Die volgende invloede het onder andere tot vandag toe bly steek:

1) `n Godheidperspektief wat `n triade behels en wat later, as gevolg van `n proses van aanpassing, gelei het tot `n formele "Christelike" of Skrifverantwoordbare eenheid-in-triade aanbidding;

2) `n Blatante Moederverering;

3) Monetêre verryking uit die verkondiging van die evangelie;

4) Formele opleiding in kennisverryking – formele teologiese opleiding met die doel om die Skrifte uitsluitlik en volgens `n spesifieke instelling se voorgeskrewe geloofsvereistes en -voorskrifte, gebaseer op `n skolastiese, wetenskaplike benadering, te verklaar - opleiding met `n sterk filosofiese inslag soos wat Thomas Acquinas byvoorbeeld dit sou propageer het en met die doel om post-apostoliese belydenisse in plek te hou van geslag tot geslag, `n benadering wat duidelik gelei het tot rigiede vormgodsdiens. Voorgenoemde is dan vergeleke met die vurige eerste eeuse oordrag van die Woord onder die inspirasie van die Heilige Gees en wat dan inderdaad onderlê was in die Kruisboodskap en die Krag-gawes (1 Kor. 12), `n meelewende boodskap wat veral, met die charismata in gedagte, deur post-apostoliese Christendom gerasionaliseer word as behorende tot die eerste eeuse Kerklike opset. Dit is hierdie tipe skeiding wat Sint Ignatius beklemtoon het aan die draai van die tweede eeu n.C.

   Hierdie biskopale, outoritêre benadering tot die verkondiging van die Woord, strook goed met die Gnostiese leraars wat hulle eie "volmaakte" kennis en oordrag verkondig het. Die meelewende Gees-gawes, die fundamentele eerste eeuse waarheid, was toe verruil vir wat ons kan definieer as goedomlynde "formalisme" en wat baie duidelik tot geestelike stagnasie gelei het omrede `n woordgodsdiens/woordbelydenis toe algemeen in plek geval het. Die Gnostiese leraars wie geroem het in hulle meer "volmaakte" kennis en wat dan ook ten uiting gekom het in hulle tipe voorgeskrewe teologiese verklaring van die Woord (die

heilige Skrifte wat ook die Nuwe Testament insluit), het dan die Christelike geloof gekontamineer met hulle besondere benadering tot die Christelike leer en hierdie tipe impak dui dan, weereens, op geloofskontaminasie ("Christen-Gnostisisme" - `n nuwe begrip of konsepsualiering van `n idee vereis natuurlik om `n begrip te omskryf of te tipeer teneinde dit sinvol te kan oordra).

Die kenmerkende intellektualisering van die Christelike geloof behoort dan raakgesien te kan word in hierdie tipe beskrywing, naamlik "Christen Gnostisisme" (verchristelike Gnostisisme) en gevolglik sou `n verstandelik beredeneerde waarheid (waarheid onderlê in rasionele beredenering van konsepte) vir hierdie tipe leraar meer en beter gewees het as die onverklaarbare aktiewe werkinge van die Gees van God en wat natuurlik toe veral uitgekring het tot die blote aanvaarding van `n filosofiese verklaring van byvoorbeeld een God in drie persone en wat ook die vooraardse bestaan van Christus wesentlik in uitleg sou raak en natuurlik ook Sy vleeswording"[3]. Die beredenering van God se bestaan en hoedanig dit dan benader behoort te word, spreek duidelik van hierdie tipe meer "verhewe" intellektuele benadering tot geloof en geloofsbelydenis, naamlik om in staat te kan wees om ooglopende teenstrydighede deur skerpsinnige redenasie en abstrahering van konsepte te kan bylê. Dit sou dan inderdaad seker beter gewees het om met hierdie tipe benadering die Heilige Gees aan `n passiewe "Derde Persoon" te koppel eerder as om dit bloot as "Krag" van God te beskou en veral waar voorskrifte komend direk van God (via profesie), die outokratiese biskopale stem wel sou kon stilmaak[4]. Was die biskopale mag, ook verbandhoudend met die Gnostisisme en veral die Essenisme, dan nie behep met intellek en outoritêre gesag nie en wie dan volgehoue sonder teëspraak sou wou voorskryf nie?

5) Die Heilige Gees as "Derde Persoon" is dan wel `n uitvloei van hierdie tipe afvallige beredenering van die Skrifte , ook geassimileerde geloof in wat beskou was as "onweerlegbare" waarheid. Hierdie tipe verwarrende Gnostieke aanslag het duidelik gelei tot gekontamineerde Christendom en wat veral aanklank gevind het by Esseense leringe oor die "Moeder" as Gees, ook haar "allesdeurtrekkende" asem en wat veral `n besondere affiniteit het met die skepping en die skeppingselemente. Ons behoort natuurlik hierdie saak op te weeg teenoor die Heilige Skrifte wat God uitbeeld as "Gees" en gevolglik as "Hoogste Bron van Gesag" en wat dan inderdaad geen derde "Persoon" *per se* betrek nie behalwe as dit op filosofiese wyse beredeneer sou word. Hierdie tipe benadering is dan weereens `n bewys van geloofskontaminasie wat `n kenmerkende beskrywing soos "Christen Gnostisisme" wel kan regverdig.

6) Om onsterflikheid aan die wedergeborene toe te skryf met die doel om so `n gelowige `n volbestaan na afsterwe te gee – die sogenaamde "passing on" proses en wat gevolglik die opstanding uit die dood asook die wegraping wesentlik raak, belydenisse wat deesdae op die spits gedryf word deur veral die Charismaties-Pentekostalistiese sektore en wie gevolglik `n nuwe tipe geloofsdimensie tot stand gebring het (die hipergenadeboodskap asook negering van die wegraping, beide belydenisse wat uitmuntend by gnostieke standpunte aansluiting vind). Hierdie tipe geestelikheid is tot `n groot mate toe `n produk van die millenium"Charismatiese Pentekostalisme" en wat dan ook op gekontamineerde (New Age) godsdiens dui en wel uit hoofde van sy eiesoortige kenmerkende eienskappe en verkondiging. Hierdie tipe samestelling kan dan inderdaad ook as "gekontamineerd" beskou word , dit is met twee soortgelyke hoewel tog ook wesentlik teenoorgestelde denkpatrone, in gedagte. Die een akkommoderend-meelewend, teenoor die ander (die

3 Verwys Ester Blomerus se Boekreeks oor hierdie tipe filosofies-beredeneerde verklaring van God se bestaan en hoedanig dit voorgehou word aan Jan Alleman wie maar net naïef moet aanvaar teenoor die meer verhewe intellektuele tipe wat wel abstrakte konsepte sal kan begryp (Dit is met betrekking tot die Triniteitverklaring en wat ook deur o.a. Webb en Jaspers gedefinieer word).

4 Alhoewel die Esseense biskoppe wel hulle eie tipe profetiese woord sou laat geld het.

Pentekostalisme) in sy wese en aard ook akkommoderend-meelewend maar tog ook op sy besondere manier anders as die vergelykbare ander[5]. Hierdie tipe samestelling spreek dan beslis van kruisbestuiwing – en wat veral `n kontaminasieproses is en hierdie tipe ineenvloei van praktiese uitlewing van geloof, vind dan ook wesentlik aanklank by die "New Age" omrede godsdienste wat in hulle oorsprong ook aanklank by Oosterse gelowe gevind het, juis in hierdie samestelling vervleg is[6]

**Gelowe het nie onafhanklik en selfstandig ontspring nie**

Uit voorgaande behoort ons te kan begryp dat omgewingsinvloede inderdaad op hierdie wyse manifesteer en om hierdie rede bestaan daar geen geloof van water oorsprong ook al wat nie op een of ander wyse vanuit sy besondere ontstaan en ontplooiing nie gekontamineerd geraak het op een of ander wyse nie – in die besonder met "aanvaarding" en "ontlening" van belydenisse in gedagte, dit is in geheel of gedeeltelik en hierdie tipe kontaminasie dui dan wel op sinkretisme en assimilasie. Maar die Judaïsme het baie duidelik in sy oorsprong en ontstaan via Abraham uit die heidense aanbiddingsisteem uitgetree om inderdaad `n nuwe dinamiese geloof met gedefinieerde, unieke belydenisse te vestig maar daar was heidense nasies wat byvoorbeeld die diereoffers gehandhaaf het en moontlik ook die besnydenis alhoewel laasgenoemde besondere en spesifieke Joodse belydenisvoorskrifte behels.Tog kom dit voor asof van die strafmaatreëls soos die toesegging van `n vuurdood van `n skuldige party, ook onder die heidense nasies gegeld het (Hierdie besprekingspunt vorm egter nie deel van hierdie artikel nie)[7].

Selfs die unieke eerste eeuse apostoliese geloof, onderlê in besondere belydenisse, is gefundeerd in die Joodse Ou Testamentiese voorskrifte. Verder openbaar die Katolisisme wie se oorsprong algemeen aan die eerste eeuse apostoliese kerk gekoppel word, `n sterk Gnostieke/Esseense inslag. Die Reformiste aan die ander kant het gewis en beslis ook nie geheel-en-al met Katolisisme gebreek nie, en selfs latere Pentekostalisme en die Charismatiese Beweging openbaar besondere en spesifieke aanklank met die Moederkerk, die Katolisisme veral wat Godheidbelydenisse en die doop betref. Hierdie tipe "aanklank" en "verwantskap" dui natuurlik op geloofskontaminasie en die impak van vormgodsdiens wat deur die Moederkerk geplant was, het veral wyd uitgekring tot vandag toe.

**Geloofskontaminasie word onderskei volgens sy omgewingsinvloede en tydvak**

Wat "New Age" dan eintlik onderskei, is die besondere era waarin dit ontspring het, of dan na vore getree het, teenoor die "Christen-Gnostisisme" (oftewel "verchristelikte Gnostisisme") wat op dieselfde patroon roteer, naamlik gekoppel aan `n besondere era en tydvak in die geskiedenis van die Christendom. Dit sou dan inderdaad meer van pas wees om gekontamineerde post-apostoliese geloofsbeoefening aan "Christen-Gnostisisme" te koppel as aan "New Age" *per se* met natuurlik,

---

5 Beide met sy besondere akkommodering en meelewendheid in gedagte en soos dit voorkom vanweë elkeen se besondere oorsprong en agtergrond, ook ontplooiing, in gedagte.

6 Voorbeelde is die Torronto Blessing manifestasie (negentigerjare), die hipergenadeboodskap (millenium), mistisisme wat saam met die Torronto Blessing gekom het en wat tot eienaardige geloofservarings gelei het, ook kerkdanse op die aard van Oosterse gelowe (die Zen Boeddisme), ensovoorts, en as ons hieraan oorweging skenk, word die onderskeid natuurlik al hoe kleiner, dit is tussen hierdie twee onderskeidende groepe. Ons behoort ook natuurlik in gedagte te hou dat beide die Pentekostalisme en die Charismatiese kerke wyd uitkring en dat hierdie stellings dan nie op een spesifieke kerklike liggaam betrekking het nie.

7 Dit kom natuurlik voor asof die Hebreërs (Jodendom/Israeliete) vanaf Abraham `n veel groter impak op die heidense nasies gemaak het as wat dikwels aanvaar word.

weereens die era van oorsprong in gedagte.

Die voorafgaande standpunte behoort dan as voorbeeld te kan dien hoedanig `n besondere en spesifieke geloofsbelydenis aanpassingsprosesse kon deurloop het en wat dan wel kon gelei het tot die totstandkoming van `n nuwe geloofstendens of -beweging. `n Dinamiese geloof soos die eerste eeuse apostoliese beweging sou inderdaad deur reeds bestaande esoteriese bewegings wat daarmee meegeding het, in konflik gegaan het ook andersom, maar in hierdie tipe proses en veral nadat sy sterk leierskap uitgefaseer het, sou dit op sigself aanpassings ondergaan het omrede die dinamiese mededingende, esoteriese gelowe, en veral die sterk aanslag van Gnostisisme (selfs die Essenisme) ook hulle impak sou laat geld het.

Gnostisisme was juis `n sterk akkommoderende geloofsfilosofie en wat dan inderdaad aanpassings sou kon maak. Uit hoofde van hierdie tipe geloofsdinamiek het die Gnostiese leraars hulle territoriale magsbasis deurlopend uitgebrei en so subtiel was hulle impak op veral post-apostoliese Christendom dat daar maar eers sedert die latere gedeelte van die tweede eeu wesentlike onderskeid getref sou kon word tussen "eg" en "vals", dit is teen die "bedreiging" van gnostieke invloed teen die post-apostoliese belydenisse, en dit was veral sterk manifesterend in die derde eeu n.C. Daar was dan `n besondere wederkerige impak wat wel geloofskontaminasie sou gefasiliteer het maar belangrike faktore en veral gekoppel aan geloof in algemeen aanvaarde belydenisse, sou natuurlik bly steek het. Na bewering het die gnostiese leraars aanspraak daarop gemaak dat hulle die direkte opvolgers van die apostels van Jesus was en wat ons dan inderdaad daarop wys in hoe `n mate hulle bereid was om te akkommodeer net om hulle magsbasis sterker en geloofwaardig te kon maak.

Omrede ons dan residue van afvallige belydenisse wel kan onderskei – dit is by deeglike oorweging en opweging met spesifieke eerste eeuse apostoliese bhelydenisse teenoor post-apostoliese belydenisse – behoort ons te kan aanvaar dat Gnostisisme *per se* wel nie as sodanig oorgedra was nie, dit is in sy wesentlike belydenisvorm en oordrag nie, maar dat dit wel in die proses van mededinging met die Christelike geloof `n proksimale verwantskap behou het, blyk wel die geval te wees. Die twee teenoorgesteldes het dan wel sy-aan-sy gefunksioneer maar, en dit behoort enige objektiewe navorser raak te kan sien, is dat die post-apostoliese kerklike beweging (die algemene "katolieke" komponent) `n wegbreek Kerk was wat nie by die voorskrifte van die apostels van Jesus gebly het nie maar wie later teruggekeer het na hulle voormalige lewenswandel en veral ten opsigte van hulle geloofsbeoefening. Hierdie tipe aanslag word juis in die Nuwe Testamentiese apostoliese briewe aangespreek, selfs die Afval of oorname van `n nuwe geloof wat in werking sou tree na die apostels se verdwyning van die toneel (v. Thes. 2 asook Johannes, Paulus en Petrus se briewe).

**Hoe het die Gnostisisme vermeng met die Christelike belydenisse?**

Wat dan nie sou gebeur het nie, is dat die Gnostiese belydenisse *per se* sou bly steek het maar wat wel sou gebeur het, is dat `n gekontamineerde weergawe van "Christelike" belydenis – dit wat dan direk aan die apostels van Jesus gekoppel sou word maar wat natuurlik beter beskryf sou kon word as "post-apostoliese" belydenisse, het toe veld gewen en om hierdie rede het ek in my boekreeks hierdie tipe kontaminasie as "Christen-Gnostisisme" ("verchristelikte Gnostisisme") gemunt en hoofsaaklik om onderskeid te kon tref tussen die warboel van sektebedrywigheid wat op die post-apostoliese Kerk deurgewerk het in die vroeë post-apostoliese era en veral saamgevat onder "Gnostisisme" en "Essenisme". Uit hierdie tipe kontaminasieproses het alle hoof geloofsbewegings ontspring, dit is gedurende die post-apostoliese era, by wyse van òf direkte òf indirekte aanklank met hoofbelydenisse, en dit het beslis die deur wyd oopgemaak vir nie Gnostisisme *per se* nie (in sy wesentlike vorm nie), maar vir `n verwerkte, aangepaste vorm daarvan

– al sou daar ook geredeneer word dat die Moeder Kerk wel daarin geslaag het om die eerste eeuse apostoliese geloof te suiwer, dit is van hierdie tipe bedreiging en afvalligheid, is dit definitief nie die geval nie en om hierdie rede sit ons tot vandag toe, dit is in vele opsigte, nogsteeds met `n gekontamineerde Christendom.

Ons behoort veral die beredenering rondom die bestaan van God en veral met betrekking tot Sy "oorsprong" asook van Sy Seun, te kan herlei tot gnostieke beredenering van die heilige Skrifte en veral aan die hand van `n triasbestaan, `n geloofsidee wat, soos wat dit wel voorkom, die brug is tussen die Ou Testamentiese Baälaanbidding waarin hierdie tipe triadeaanbidding dan ook ten uiting gekom het, en die Nuwe Testament wat in die monoteïsme onderlê is, `n belydenis wat baie duidelik `n drastiese aanpassingsproses verloop het en veral `n radikale wending geneem het in die post-apostoliese belydenisse.

Die rede waarom vele, ook teoloë, weier om die verband tussen die antieke triniteitbelydenis en post-apostoliese Christendom te kan aanvaar, is omrede hulle hierdie tipe kontaminasieproses ignoreer en dit is veral hierdie tipe teoloog wat baie gou hierdie tipe beskrywing, dit is "Christen" Gnostisisme verdoem. Let veral daarop dat die bewoording wat ek in my boeke aanwend, "Christen Gnostisisme" behels – of dit was ten minste my bedoeling - dit is dan met kontaminasie tussen Christelike belydenisse en Gnostieke belydenisse in gedagte, teenoor "Christelike" Gnostisisme wat dan inderdaad Gnostisisme *per se* "Christelik" sou verklaar. Laasgenoemde is natuurlik foutief want Gnostisisme was nog nooit en dit sal ook nooit deel vorm van die apostoliese belydenisse en karakter nie. (Waar "Christen Gnostisisme, soos in "Christen Mithraïsme" dan aangewend word, moet dit hierdie lig beskou word).[8]

**Soos New Age vandag, was die aanslag van geloofskontaminasie subtiel**

En dit is dan die agtergrond van die bewoording "Christen-Gnostisisme", twee teenoorgestelde pole inderdaad en wat dan beslis deur sinkretisme byeengebring is en duidelik nie altyd doelbewustelik nie maar soortgelyk aan ons moderne "New Age" geestelike kontaminasie en wat dan op subtiele impak dui juis vanweë omgewingsinvloede - elemente wat dan binne `n gegewe era en sosio-maatskaplike (in hierdie geval veral met betrekking tot religie en geloofsbeoefening) dan bly steek weens sy besondere dinamiek en impakdraende invloed).

**Die effek van geloofskontaminasie**

Die effek van hierdie tipe kontaminasie veral op geloofsvlak, kom dan altyd na vore, nie soseer in blatante onbevraagde aanvaarding nie, as in sy subtiele impak, ook via die geestesfeer, op die denke van die mens wie veral geneig is om sy bekende magsbasis, dit waarin hy opgevoed is, nie net af te skud nie maar eerder aan te pas, en veral as sy geestelike leierskap vatbaar sou wees vir gekontamineerde geloof - hierdie tipe leierskap was dan nie in staat om by apostoliese waarheid te bly nie (v. die briewe aan die sewe gemeentes in die *Openbaringe Boek*). Om hierdie rede sou die "wegbreek Kerk" wat aanvanklik by die apostels van Jesus aangesluit het (*Handelinge van*

8 Deesdae en met die sterk klem op Joodsheid en `n Joodse oorsprong van die Nuwe Verbond geskrifte, word "Christen" baie duidelik te radikaal verwerp. "Christen" het inderdaad dieselfde bestaansreg as "Messiaans" dit is as ons enigsins sou wou besef dat daar geen onderskeid tussen Jood en heiden gemaak was en wie Christus as Seun van God sou bely het nie. Daar is wel `n latere negatiewe konnotasie verbonde aan "Christen" AS ons "Christen" suiwer tot die opkoms van die Katoliekedom sou beperk maar as ons enigsins die Nasareense bewegings sou naspeur, wat op sy beurt verband hou met die Hebreërs (die Jodendom en veral Joodse ondersteuners van die Messias) behoort ons ook afvalligheid in hierdie konglomeraat te kan bespeur. Dit kom ook natuurlik voor dat die wegbreek Kerk soos aangeroer in hierdie artikel nie net uit heidene (ook soms na verwys as "Grieke" in die NT) bestaan het nie maar ook uit Jode want daar was vanaf die vroegste tydvak in die geskiedenis van die Handelinge Kerk Grieke (wat ook heidense proseliete ingesluit het) sowel as Hebreërs betrokke en wie dan ook veronderstel was om sy-aan-sy in geloofsverkondiging te gestaan het maar wat nie altyd en veral later, die geval was nie (Hand. 6).

*Lukas* en die *Eerste Pastorale Brief van Johannes*) wel later weer kon terugkeer na `n voormalige lewenswandel. (v. 2 Petrus; 2 Thes. 2) maar wat dan sou gebeur het in hierdie aanpassingsproses is dat residue van die apostoliese leringe wel sou bly steek het, dit is dan tesame met afvallige geloofsidees soos die Gnostieke/ Esseense denkpatroon (die rede waarom die Tweede en Derde briewe van Johannes veral uit die vroegste Joods-Christelike geskrifte weggelaat was?)

Let gerus baie goed op Petrus en Johannes se teregwysings in hulle onderskeie briewe en wat ons veral `n idee gee dat sodanige webreekgroep se handelwyse deur die apostels veroordeel was en wat natuurlik ten alle koste bedek gehou sou word as ons ten minste wil glo dat hierdie selfde korps wegbreekleraars toe nogsteeds, en veral na die apostels se verdwyning, volgehoue wou aanspraak maak op Jesus die Messias se waarheid, naamlik dat Hy wel die twaalf apostels verkies het om Sy koninkryk op aarde te vestig). En hierin lê die subtiele oorgang vanaf "apostolies" na "post-apostolies" baie beslis want wie sou nou wou aanspraak maak op Jesus – al sou wat oor Hom verkondig word wel aangepas was in die proses – maar terselfdertyd tog ook Sy belangrike besluite enigsins wou negeer? Subtiele misleiding sou dan wel die antwoord wees om, weereens, twee teenoorgestelde pole enigsins bymekaar te kon uitbring!

Ons behoort natuurlik ook nie Paulus se stryd met die Esseners en selfs die Gnostiese leraars te negeer nie – selfs `n verwantskap tussen die twee in sekere opsigte. Iets waarop ons ook hier kan let is dat die Nuwe Verbond Jode sowel as Heidene byeengebring het onder een Hoof (Jesus Christus) en binne hierdie totale konglomeraat het afvalligheid ontspring wat beslis dui op `n terugbeweging na ou, oorgelewerde (afvallige) belydenisse.

**Die belangrikste is om afvalligheid te kan onderskei**

Dit gaan dan nie soseer om die vroegste evangelie as "Joods" te sien en te belewe nie, as om die afvallige impak op beide die Christendom en die Joods-Christelike belydenisse raak te kan sien. Die wegbereiders van afvallige Christendom (post-apostoliese) se belydenisse vind dan tot `n groot mate toe wel aanklank by die gnostieke denkpatroon asook die Essenisme. Daardie Kerke wat uit hierdie denkpatroon "uitgetree" het, het egter hierdie afvallige invloed glad nie vrygespring nie. Om hierdie rede moet ons weereens die Skrifte objektief lees, maar terselfdertyd ons belydenisse ook in gedagte hou, sodat God ons in waarheid kan lei. "Babilon" - die kerk van die *Openbaringe van Johannes*, is juis `n Kerk wat gedompel is in geestelike verwarring omrede kontaminasie op die Liggaam van Jesus toegesak het en nie alleenlik toegesak het nie, maar dit het sy impak toe wesentlik gemaak.

**Gevolgtrekking**

Ons behoort dan inderdaad te waak teen naïwe predikers wat nie die saak en veral met betrekking tot gekontamineerde Christendom in perspektief wil plaas nie en net omrede hulle weier om algemeen aanvaarde kerkstelsels en belydenisse in perspektief te plaas. "Godgeleerdheid" is in die algemeen geskoei op die oorlewerings van die post-apostoliese denkpatroon naamlik voortvloeiend uit konsepte wat nie altyd suiwer eerste eeus apostolies is nie maar eerder post-apostolies – veral met kontaminasie in gedagte (=afvallige geloofsbelydenisse wat dan op een of ander wyse bly steek het en wat wel `n aanpassingsproses deurloop het maar wat desondanks steeds die etiket van "afvalligheid" verdien).

**Ten slotte wil ek graag die volgende ook by hierdie bespreking voeg, dit is met betrekking tot New Age en die egte werking van die Geesgawes:**

Ons kan ons inderdaad afvra: Is daar `n geeswerking van satan wat deesdae onder veral die charismatiese sambreel manifesteer?

Nou, wat kenmerkend is aan New Age, is wat tans vol in swang is onder veral die charismatiese sambreel, naamlik `n tendens om die Heilige Gees aan eienaardige optrede te koppel so asof wat dan belewe word inderdaad die salwing van God se Gees is. Voorbeelde hiervan is die volgende:

Iemand sal byvoorbeeld voel dat hy of sy `n spesiale Heilige Gees-salwing van God ontvang het om veral mense "gelukkig te laat voel". So `n "gesalfde" sal byvoorbeeld die Gees van God "saam met hom dra" met die doel om op `n spesiale wyse sy hele omgewing te verander.

Ek het hierdie tipe optrede op `n charismatiese prediker wat hom toelê op die bonatuurlike en uit die aard van die saak op die werkinge van die Geesgawes, se TV program gesien. Hy het `n onderhoud met iemand gevoer wat hom toelê op hierdie tipe "salwing" maar dit was vir my wie self goed vertroud is met die Geesgawes heeltemal vreemd. Die man (die betrokke "gesalfde") sal byvoorbeeld na `n supermark toe stap mkaar net voordat hy deur die deur by die ingang stap, staan hy eers vir `n wyle stil om die salwing eers te ervaar, iets wat hy beskryf as "om eers Hom (die Gees) te voel toesak" op hom en dan sal hy met vertroue die supermark binnegaan met die doel om sy omgewing te verander en veral om mense gelukkig te laat voel.

Dit kom baie duidelik na vore dat hierdie tipe "gesalfde" oortuig is dat hyself dan eintlik maar iets word wat eintlik net Christus toekom want die Heilige Gees was tog gestuur om van Jesus te getuig en nie om, soos in Esseense persepsie en ervaring, eintlik self die belangrikste een te word nie, dit is nou wanneer die persoon wat dan die Heilige Gees "ontvang" het dit so sou belewe dat hy eintlik in `n sekere sin self die Heilige Gees word!

Dit is dan ook baie duidelik dat met hierdie tipe New Age-ervaring word die persoon wat homself hierdie tipe salwing toeëien eintlik die belangrike pion in die "verhouding" is en nie Jesus nie. Want wat word met hierdie tipe "salwing" beoog? Is ons nie maar, soos die Apostels van Jesus, net bloot instrumente in die hand van God nie? Waarom moet mense ons dan spesiaal raaksien so asof onsself die Verlosser is of selfs die Godheid word?

Wat ook opsigtelik was, is dat dieselfde "gesalfde" dan terwyl hy in die tou by die ATM staan, skielik opmerk hoe twee mans voor hom onbeheersd begin lag – soortgelyk aan die Lagbediening wat met die Torronto Blessing-manifestasie verband hou – en dat die "gesalfde" dan goedkeurend staan en toekyk na die twee laggende mans en so asof hyself sy omgewing nou positief beïnvloed het. Sy teenwoordigheid en sy "salwing" sou dan hierdie tipe gedrag ontlok het, iets wat ons amper, soos dit voorkom, by die "God-in-my" (tipies van en aan die Gnostisisme) uitbring.

Die vraag ontstaan natuurlik onmiddellik by enige persoon wat die Woord ken, "Watter doel sou dit dan dien, dit is om mense so te beïnvloed?" Was ons nie veronderstel om van Jesus Christus te getuig nie? Om Hom te verkondig en nie ons eie heiligheid of mistieke manipulasie van ons omgewing nie? Was hierdie tipe ervaring ooit deel van die apostels van Jesus se optrede? En hoe kragtig was hulle nie deur die Heilige Gees gesalf nie!

Is hierdie tipe benadering tot die Geesgawes dan nie inderdaad "New Age" nie? Die mens word met hierdie tipe eienaardige optrede en verwagting eintlik `n god in homself! En wat ook opvallend is, is dat een van die mans wat so onbeheersd aan die lag gegaan het, skielik omdraai en dan wegloop maar om net weer terug te kyk by die deur na die "gesalfde" en hom dan vir `n wyle aanstaar. Tog, as ons die tipe gedrag objektief beskou, is dit tog iets wat natuurlik kan gebeur want is mens nie geneig om iemand wat jou stip aankyk, en veral `n vreemdeling, ook aan te kyk nie?

Alles inaggenome, kom dit dan voor dat dit wat ons volgens die Heilige Skrifte “salwing van God se Gees” noem, inderdaad `n mistieke wending geneem het in hierdie era waarin ons ons nou bevind en dit is dan ook hierdie tipe “Gees salwing” wat baie beslis nie eg en Skrifgetrou is nie. Wat nodig is, is dan om terug te keer na die Bovertrek en dit wat die apostels van Jesus vir ons nagelaat het want net dit sal ons weer op die regte pad terugbring.

Ek ken ook `n gesalfde van God wat baie diep met die Heilige Gees van God gesalf was in sy leeftyd maar hy het nooit homself as middelpunt van die belangstelling beskou nie. Sy doel was altyd om Christus uit te dra en om dit te doen soos wat die Handelinge-geskrif van die Geesgawes getuig. God het hom kragtig in talespraak gebruik, ook in profesie wat dikwels op talespraak gevolg het en God het hom dan ook op hierdie selfde wyse in die openbaar gebruik met kragtige bewyse dat Jesus waarlik leef en gekom het om die werkinge van satan te verbreek oor mense wat tot die oortuiging kom van hulle sonde. En so het God baie gesalf met die egte werking van die Heilige Gees in die verlede.

Die tipe salwing en optrede is tog waarvoor ons geroep is! Nie om indrukke op mense te maak en onder die waan te leef dat ons belangrik is nie, maar om Jesus as middelpunt van ons roeping te beskou en om alle eer en lof terug te bring na Hom toe! Wat dan veral ontbreek by baie van die hedendaagse charismatiese predikers wat hulle eie krag inspan om belangrik te wees, is die gawe van talespraak. Mens hoor net nooit hierdie tipe taal op hulle lippe nie! En dit is tog Skrifverantwoordbaar. Wat mens hoor is “om mense gelukkig te maak” en om hulle aan die lag te kry, om hulle bewus te maak van `n blote mens se magiese kragte wat soeen dan kwansuis uitstraal. En dit is dan hierdie tipe eienaardige optrede wat in hierdie millenium dikwels te bespeur is onder veral daardie sektor wat, soos dit dan ook voorkom, hulleself laat kontamineer het met vreemde sataniese invloede en wat dan inderdaad op “New Age” neerkom.

Ek dank God dat ek een goeie les geleer het by `n ware gesalfde van God en wat `n kragtige getuienis oor die egte salwing van die Heilige Gees nagelaat het vir baie. Sy woorde was altyd: “Wag op die Here! Hy sal jou roer deur Sy Gees en moenie jyself probeer om God se Gees in werking te bring nie! Moenie jou eie krag inspan asof dit God se Geeswerking is nie!”

Mag God ons help om te kan onderskei tussen “New Age” en ware Geesvervulling want wat tot `n groot mate toe oorgeneem het in die Liggam van Christus is duidelik `n tipe Geeswerking wat allesbehalwe aan ware salwing en egte werking van God se Gees toegeskryf kan word!

Die oplossing lê dan inderdaad daarin dat ons die Liggaam van Jesus sal moet stroop van afvallige leringe en praktyk. Ons behoort dan weereens te stry vir daardie geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is (Judas v3) en dit sal natuurlik van ons vereis om terug te keer na ons eerste liefde vir Christus en om dan met hierdie tipe gesindheid die Woord in alle erns te herondersoek en veral met die Nuwe Testamentiese apostoliese optrede en leringe in gedagte.

©Ester Blomerus
Slegs as aanbieding op hierdie webwerf en met persoonlike Bybelstudie in gedagte.

www.housealtarnetwork.com
Volgelinge van Jesus (1957)
2015/06/02

**VIR SELFSTUDIE:**

Wat in hierdie artikel aangeroer word, is eintlik maar net die punt van die ysberg. Diegene wat graag verder op hierdie tipe geloofskontaminasie wil ingaan, kan dit gerus doen. Dit is `n baie interessante studieveld met vele invalshoeke maar dit begin wesentlik by die eerste eeuse Kerk wat nie die aanslag van afvallige lering vrygespring het nie, ondanks al die waarskuwings wat die apostels van Jesus daarteen geloods het. Lees gerus die aanbevole boekreeks van die skrywer en vul dit dan aan met persoonlike navorsing.

Fokus veral op die krisis waarin die eerste eeuse Kerk gedompel was met betrekking tot die Esseense/Gnostieke aanslag.

Gebruik die *Handelinge van die Apostels* as vertrekpunt en let op die wyse waarop hulle die evangelie verkondig het (Lukas se *Handelinge*).

Waar het die Kerk van Jesus sy ontstaan gehad? (Hand. 2 of toe Paulus ingekom het. Die Volgelinge ondersteun die Hand. 2 vertrekpunt)

Kan ons die post-apostoliese Kerk as suiwer "apostolies" beskou, dit is in die lig van die Nuwe Testamentiese beleid en voorskrifte?

Hoe kan ons vormgodsdiens in hedendaagse Christendom kniehalter? En om watter redes behoort ons dit in ons verkondiging van die "suiwer" Waarheid van Gods Woord te doen?

Hoe het Heidendom en Jodendom in die apostoliese era (eerste eeus) gefunksioneer?
Wat was Christus se oogmerk met "Gaan en verkondig aan alle nasies...."? Het dit oor etnisiteit gegaan of oor Sy verlossingswerk aan die kruis?

Ondersoek die NT apostoliese briewe (Nuwe Testamenties) en lig al die waarskuwings van die apostels van Jesus teen die invoer van afvalligheid uit. Ondersoek die agtergrond waarteen hierdie waarskuwings beskou behoort te word. Oorweeg veral die omstrede 2 Joh en 3 Joh briewe en dink goed na waarom hierdie briewe, soos byvoorbeeld ook 2 Thessalonisense en 2 Petrus bevraagteken was/alternatiewelik dat dit `n latere datering as die konvensionele "eerste eeus" kry.

Dink veral na oor die pastorale briewe van Johannes, die era waarin hy gelewe het, wie "Diotrefes" oënskynlik was of kon wees, en om watter redes sou veral hierdie twee pastorale briewe in gedrang gekom het en sodat dit veral nie in sommige Joodse tekstradisies aangewend word (verskyn nie alternatiewelik dit was op `n stadium uit die NT verwyder) naamlik soos wat dit met die tradisionele (Westerse) NT wel die geval is. Dink veral wyer as algemene standpunte en wat veral vervleg is, weereens, met `n streng Joodse oorsprong vir die NT geskrifte. Dit is veral met laasgenoemde standpunt in gedagte dat die Pauliniese briewe op die ander apostoliese briewe volg en wat moontlik iets vir ons sê oor Paulus se intense aanslag vanuit die Essenisme/Ebionisme. Hierdie saak word ook in die aanbevole boekreeks aangespreek maar daar is altyd ruimte vir verdere en aanvullende navorsing.

Die vraag wat ek wil vra is: Waarom 2 en 3 Joh bevraagteken maar nie 1Joh nie? Waarom so graag 2 Thessalonisense `n latere datering gee? Ook 2 Petrus? Dui dit nie juis op die wegbreek Kerk waaraan daar net maar geraak is in hierdie artikel nie?

Hoe het New Age tot die millenium Christen deurgedring?

Watter ooreenstemmende eienskappe behoort ons te kan sien in "Christen" (verchristelikte)

Gnostisisme en hedendaagse “New Age”.

Vir diegene wat meer ernstig is oor hulle navorsing, die volgende vrae: Is daar `n verband tussen die Hindoïsme en Gnostisisme? Indien wel, hoe sou die tipe verwantskap tot stand gekom het, ook verloop het? En dan nog `n interessante vraag : Wat maak die mens vatbaar vir afvallige geloof? Is dit net bloot afvallige interpretasie van die Skrifte of gaan dit veel wyer as dit? En dan aansluitend hierby: Waarom is God so gekant teen geloofsvermenging.

En laastens maar nie die minste nie en juis omdat die doop ons in die Koninkryk van Christus inlei: Skenk gerus opnuut oorweging aan twee doopwyses wat die Liggaam van Jesus verdeel het, naamlik (1) Hand. 2.38 in die Naam van die Verlosser, teenoor (2) Mat. 28.19 wat in plek geval het en baie duidelik soos wat dit in die *Didache* (*Leringe van die Twaalf Apostels*), `n Esseense geskrif, asook in die NT apokriewe geskrifte, voorkom (met `n baie duidelike, onweerlegbare Gnostieke inslag).

Vra jouself af of Jesus twee doopwyse van meet af in plek sou stel? Waarom Jesus Petrus as leier van die eerste eeuse Kerk aangewys het, en wie se roeping en salwing baie duidelik op Pinksterdag in werking getree het (Hand. 2). Waarom sou Jesus later toe `n spesiale doopformulier aan Mattheüs voorhou so asof Petrus wie se sending en roeping baie duidelik meer omvattend was as dié van voormelde apostel, toe skielik onbelangrik (selfs afvallig) geword het? Was dit nie juis hierdie drievoudige doopwyse wat deur die Essene in ere gehou was nie en wat selfs `n voorchristelike geskiedenis en verloop het? (v. besprekings in die aanbevole boekreeks, “Die Christelike Geloof, sy Grondslag en Ontplooiing, deur Ester Blomerus, aangebied op hierdie webwerf).

Vra jouself af wat is eintlik die ware betekenis van die waterdoop? Word dit aan die Kruis gekoppel en aan verlossing deur die bloed van Jesus? Waarom? Om watter rede sou Petrus, vervuld met God se Gees, `n dwaling verkondig het of word hy `n dwaalleraar gemaak uit hoofde van afvallige belydenis, gekoppel aan wanpersepsie? Dink na oor die eerste eeuse Kerklike voorskrifte teenoor die post-apostoliese verkondiging van die evangelie.

En, diegene wat graag wil deurdring tot die volle betekenis van die doop, kan gerus die Nasareense beweging naspeur, omrede hierdie beweging baie duidelik aan die Hebreërs (die Jodendom) gekoppel word en dit is juis hierdie tipe nasaat wat tot vandag toe die doopwyses wat in die *Didache* voorkom, naamlik deur besprenkeling, deur die uitgiet van water op die voorkop, sowel as deur onderdompeling, goedkeur. Hierdie tipe benadering dui beslis dan op `n Esseens/Ebionitiese terugswaai na aanvanklike (voormalige) belydenisse, en wat baie goed by die wegbreek Kerk se belydenisse inpas. Hou in gedagte die verloop en ontplooiing van die post-apostoliese Kerk wat ook bestaan het uit hierdie tipe Nasareense Jood, `n tipe ontplooiing wat soos dit voorkom, nie net een tipe Nasareense “sekte” ten gevolge gehad het nie.